2017/09/13
08:38 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2017/09/13	DATUM 2017/09/12			+ - WEEK GELEDE 2017/09/04		+ - MAAND GELEDE 2017/08/14		+ - JAAR GELEDE 2016/09/12	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	22119	61.49	0.3%	22057	0.6%	21988	1.2%	21858	20.7%	18325
Goud (Spot)	1330.67	6.22	0.5%	1324.45	-0.2%	1333.65	3.3%	1287.72	0.1%	1329.57
Brent $/vat	54.23	0.44	0.8%	53.79	3.0%	52.65	4.6%	51.85	13.0%	47.99
1 € / US$	1.1975	0.002	0.1%	1.1959	0.7%	1.1886	1.4%	1.1810	6.7%	1.1228
1 US$ / ZAR	12.98	0.040	0.3%	12.94	0.4%	12.93	-3.2%	13.41	-9.2%	14.29
Corn	R 1 737.38	-71	-3.9%	R 1 808.44	*CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day					
Wheat	R 1 977.91	-60	-2.9%	R 2 037.70	* CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 456.20	-52	-1.2%	R 4 508.35	* CBOT Soy Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sep 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn Sep 17	340.00	-15.00	-4.2%	355.00	0%	340.00	-6%	360.00	-8%	370.75
Wheat Sep 17	419.00	-14.00	-3.2%	433.00	0%	420.00	-5%	439.00	-11%	468.50
Soybeans Sep 17	944.00	-14.00	-1.5%	958.00	0%	942.00	1%	935.00	-1%	957.50
.										
SORGHUM Dec '17	2800.00	0.00	0.0%	2800.00	-6.7%	3000.00	-11.7%	3170.00		NA
WMAZ Spot	1831.00	16.00	0.9%	1815.00	1.3%	1808.00	-1.5%	1859.00	-57.5%	4309.00
WMAZ Dec 17	1912.00	12.00	0.6%	1900.00	1.2%	1890.00	1.4%	1886.00	-55.8%	4324.00
WMAZ Mar 18	1956.00	16.00	0.8%	1940.00	1.0%	1936.00	-0.5%	1965.00	-51.8%	4060.00
YMAZ Spot	1951.00	16.00	0.8%	1935.00	1.5%	1923.00	-1.5%	1980.00	-40.5%	3281.00
YMAZ Dec 17	2025.00	11.00	0.5%	2014.00	1.0%	2005.00	0.7%	2010.00	-39.6%	3351.00
YMAZ Mar 18	2070.00	13.00	0.6%	2057.00	0.9%	2052.00	-0.9%	2089.00	-37.2%	3296.00
SOY Spot	4635.00	-17.00	-0.4%	4652.00	0.0%	4635.00	-0.9%	4675.00	-31.6%	6775.00
SOY Dec 17	4763.00	-16.00	-0.3%	4779.00	-0.3%	4778.00	1.2%	4707.00	-29.7%	6780.00
SUN Spot	4710.00	5.00	0.1%	4705.00	0.1%	4706.00	-0.6%	4739.00	-26.4%	6401.00
SUN Dec 17	4850.00	5.00	0.1%	4845.00	-0.5%	4874.00	1.3%	4787.00	-26.5%	6600.00
WHEAT Spot	4283.00	58.00	1.4%	4225.00	4.9%	4082.00	-6.7%	4590.00	0.8%	4250.00
WHEAT Dec 17	3940.00	-3.00	-0.1%	3943.00	-1.5%	4001.00	-4.5%	4125.00	-6.3%	4207.00
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE										

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend ongeveer 3 sent swakker as die vlakke waarteen dit gister verhandel met marksluiting en verhandel vanoggend teen R12.97/$. Die rand het gister gemeng verhandel en het aanvanklik deur die dag sterker verhandel, maar het weer stoom verloor hoofsaaklik as gevolg van internasionale gebeure. Die pond het versterk met die VK se inflasiesyfers wat hoër uitgekom het as wat die verwagtinge was. Die hoër inflasiekoers versterk die moontlikheid van ’n rentekoersverhoging deur die Bank van Engeland wat ondersteuning aan die pond gebied het. Die graderingsagentskap, Moody’s het gister hul Sub-Sahara Afrika streekskonferensie gehou en het gewaarsku dat die kredietkwaliteit van die land se maatskappye onder druk is. Faktore soos lae besigheidsvertroue, lae ekonomiese groei, laer verburikersvraag asook die onsekerhede in die plaaslike politieke beleidsomgewing is van die groot redes waarom die maatskappye teen ’n stadiger tempo belê. Die fiskale situasie in die land is ook onder druk met die Suid Afrikaanse inkomstediens wat in die eerste gedeelte van die jaar die belastinginvorderingsteiken gemis het met ongeveer R13 miljard. Die fokus sal in die volgende paar weke grootliks begin skuif na die halfjaarlikse begroting wat deur die Minister van Finansies gedoen word in Oktober.

Mielies: Die Amerikaanse mielieprys het gister grootliks onder druk gekom nadat die USDA se nuutste WASDE verslag gister bekend gemaak was, wat meestal negatief was vir die markprysvooruitsigte. Die Desember kontrak het aanvanklik dubbelsyfer verliese getoon, maar kon egter daarin slaag om weer ondersteuning te vind later in die sessie en kon van die verliese opmaak, maar het steeds laer gesluit. In gister se verslag was die opbrengsverwagtinge vir die Amerikaanse mielies hoër aangepas vanaf die vorige skatting wat heel in teenstelling was met wat die algemene verwagtinge in die mark was vir die opbrengs. Die opbrengs word tans op 169.9 skepels per akker geskat, terwyl die vorige skatting op 169.5 skepels/akker geskat was en dus was die Amerikaanse produksie vir die seisoen ook hoër aangepas. Die wêreld eindvoorraad vir die seisoen was met ongeveer 1.6 miljoen ton hoër aangepas vanaf die vorige skatting tot en met 202.47 miljoen ton. Daar is groot voorraadvlakke van mielies beskikbaar wat die wêreld eindvoorraad laat verhoog en dit hou die internasionale pryse onder druk. In Argentinië is daar bekommernisse rakende die oornat toestande in groot gedeeltes van die land se somersaaigebiede, wat die aanplantings van mielies en sojabone kan belemmer. Daar is sommige analiste wat van mening is dat dit kan veroorsaak dat tot en met die helfte van die hektare gesny kan word. Die oornat toestande moet egter tot ten minste in Oktober voortduur vir so ’n scenario om uit te speel. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel en redelik goed in lyn met die paritietsverwagtinge en meeste van die kontrakte wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies het hoër afgesluit. In die nuutste weeklikse uitvoerverslag was die weeklikse uitvoere gister op 6 418 ton gerapporteer, terwyl die weeklikse YM uitvoere op 2 367 ton gerapporteer was. Die totale uitvoere vir die seisoen tot dusver is ongeveer 1.19 miljoen ton terwyl daar oor die 4 miljoen ton beskikbaar is vir uitvoere.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonpryse het onder druk gekom gister en het laer gesluit nadat die nuutste WASDE verslag die Amerikaanse sojaboonproduksie vooruitsigte vir die seisoen hoër aangepas het vanaf die vorige skatting. Die Amerikaanse produksie van sojabone word nou op 120 miljoen ton geskat wat ongeveer 3% meer is as verlede seisoen se produksies en 1.1 miljoen ton meer as die vorige skatting van die USDA. Indien hierdie produksievlakke realiseer, sal dit die nuwe rekord produksie van sojabone wees in die VSA met verlede jaar se rekord wat op 117 miljoen staan. Die produksie vooruitsigte vir Suid Amerika se 3 grootste sojaboonuitvoerlande, Argentinië, Brasilië en Paraguay is onveranderd gelaat in gister se WASDE verslag vanaf die vorige skatting. Die wêreld eindvoorraad vir die seisoen was effens laer aangepas vanaf die vorige skatting, maar dit is steeds hoër as verlede jaar se eindvoorraad. Die sojaboonmeelpryse internasionaal het effens gedaal terwyl die sojaboonolieprys effens ondersteuning gevind het. Die VSA het 130 634 ton se sojabone uitgevoer na onbekende bestemmings toe vir die nuwe seisoen. Die sojaboonprys in die VSA het gister nuwe kontrak laagtepunte bereik en verhandel nou teen die laagste vlak sedert einde Augustus. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister onder druk gekom en het laer verhandel om vir meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is, laer te sluit. Die groot fokus in die mark vir die res van die seisoen sal op die perstempo van sojabone wees met die groot voorraadvlakke wat steeds plaaslik beskikbaar is en die gunstige persmarge behoort die perstempo toe te neem in die volgende paar maande.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister gemeng verhandel tussen lente en winterkoring. Die sagte rooi winter koring het ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir beide die naby en vêr maande, terwyl die harde rooi winterkoring in die verdere maande hoër gesluit het, maar was onder druk in die naby maand. DIe lentekoringpryse in die VSA is ook steeds onder druk. In gister se WASDE verslag was die Amerikaanse produksie vir die seisoen onveranderd gelaat vanaf die vorige skatting, maar is ongeveer 25% minder as die 2016/17 produksie. Dit wêreld eindvoorraad van 263.14 miljoen ton koring is effens laer aangepas vanaf die vorige skatting, maar steeds nie merkwaardig nie en daar is baie koring internasionaal beskikbaar. The Australiese produksieskatting vir die seisoen was ook laer aangepas vanaf die vorige skatting met probleme van te droë toestande wat daar heers. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister gemeng verhandel met die spotmaand wat goeie ondersteuning gevind het en sterker verhandel het terwyl die verdere maande meestal sywaarts verhandel het. Die plaaslike voorraadvlakke is tans aan die lae kant en die invoere sal baie noodsaaklik wees in die volgende 3 weke om te verhoed dat die eindvoorraad onder die 6 weke pyplyn vlak inbeweeg. Die seisoen tot datum invoere wat gerapporteer is deur SAGIS, is 816 324 ton. Die invoere vir die laaste 3 weke van die bemarkingsjaar sal teen ’n ernome tempo moet inkom om ’n voorraad tekort te vermy.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Michelle Mokone and Luan van der Walt/* ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za*

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.